

PRIMÊRE SKOOL GERT MARITZ

Om deur middel van ouer-en onderwyserbetrokkenheid
optimale ontwikkeling van gelukkige leerders op alle terreine te verseker



SPORTBELEID

1. Algemeen

- 1.1. Leerders moet aan ten minste een sportsoort per kwartaal deelneem.

2. Sportkalender en Akademie

- 2.1. Die sportkalender sal aan die begin van elke kwartaal aan ouers deurgegee word. Dit sal die datums van alle wedstryde/byeenkomste en oefensessies vir alle spanne vir die komende kwartaal aandui.
- 2.2. Tydens formele akademiese evaluasie (eksamens) sal die akademieserooster prioriteit geniet, en sal slegs oefeninge gedurende die week plaasvind en geen week wedstryde sal gereël/gespeel word nie.
- 2.3. Alhoewel dit besef word dat nie alle leerders dieselfde akademiese vaardighede/ vemoëns besit nie EN dat daar uitsonderlike gevalle kan wees, is dit nie-te-min die skool se doel om goeie akademiese prestasie aan te moedig.
 - 2.3.1. Alle deelnemers sal positief aangemoedig en gemotiveer word om 'n algemeen aanvaarbare akademiese gemiddeld te bereik en te handhaaf. In uitsonderlike gevalle sal toepaslike aansporings dien om akademiese prestasie aan te moedig.
 - 2.3.2. Bg. is om leerders bewus te maak van die belangrikheid van 'n gesonde balans tussen akademie en sport.
 - 2.3.3. Bg. dien slegs as positiewe en opbouende motivering en nie as 'n vereiste vir sportbeoefening/ deelname nie

3. Toestemming deur Ouer of Voog

- 3.1. Spanne word tydens die laaste oefening voor 'n wedstryd of byeenkoms deur die afrigter gekies.

- 3.2. Deelnemers wat gekies word vir die volgende wedstryd sal 'n toestemmingsbrief van die Skool en die Department van Onderwys (vir weg-wedstryde) ontvang, en albei vorms moet deur die betrokke ouer/voog voltooi en onderteken word.
- 3.3. Voltooide toestemmingsbriewe moet die volgende dag terug gestuur word.
- 3.4. Deelnemers sal nie toegelaat word om aan 'n wedstryd of byeenkoms deel te neem sonder 'n getekende toestemmingsbrief nie.
- 3.5. Die toestemmingsbrief sal die volgende inligting aandui:
 - 3.5.1. Datum en tyd van Wedstryd / Byeenkoms (Vertrek- en geraamde terugkomtyd in geval van weg wedstryde).
 - 3.5.2. Plek waar 'n wedstryd of byeenkoms plaasvind.
 - 3.5.3. Vervoerreëlings (Ouers moet aandui of die kind eie vervoer of skool vervoer sal gebruik)
 - 3.5.4. Naam van Spanbestuurder
 - 3.5.5. Kontakbesonderhede van sportorganiseerder
 - 3.5.6. Mediese-besonderhede indien van toepassing

4. Wedstryde of Byeenkomste

- 4.1. Bepalings vir wedstryde en byeenkomste sal op die toestemmingsbrief aangedui word asook op die elektroniese skoolkommunikeerder.

5. Oefeninge

- 5.1. Oefeninge vind gewoonlik direk na skool plaas.
- 5.2. Die dae en tye waarop die verskillende spanne en grade oefen sal aan die begin van elke kwartaal beskikbaar gestel word
- 5.3. Indien alternatiewe tye geoefen word sal dit deur die betrokke afrigter en/of spanbestuurder aan ouers gekommunikeer word.

6. Kansellasies of veranderinge

- 6.1. Wedstryde of byeenkomste mag vir die volgende redes gekanselleer of verander word. Dit sal per telefoon/ SMS of op skrif geskied **afhangend van die omstandighede.**

- 6.1.1. Reëndae of Warm dae:
 - 6.1.1.1. Om 12:00 word 'n besluit geneem oor Gr.1 en Gr.2
 - 6.1.1.2. Om 12:30 word 'n besluit geneem oor Gr.3 tot Gr.7
- 6.1.2. Op Saterdag word 'n besluit geneem 'n uur voor die wedstryd moet begin.
- 6.1.3. Enige ander redes:
 - 6.1.3.1. Kansellasië deur opponente.
 - 6.1.3.2. Gevaarlike omstandighede bv. Weerlig, stakings ens.
- 6.1.4. Oefeninge
 - 6.1.4.1. As 'n reël sal oefeninge nooit afgestel, verander of verkort word nie.
 - 6.1.4.2. Indien 'n oefening nie kan plaasvind as gevolg van een van die bostaande redes nie, sal die afrigter en/of spanbestuurder nog verantwoordelik vir alle deelnemers wees tot aan einde van die oefentyd.
 - 6.1.4.3. Indien ouers wel teenwoordig is mag deelnemers met die toestemming van afrigter verskoon word.

7. Bywoning

- 7.1. Wedstryde of Byeenkomste
 - 7.1.1. Indien deelnemers nie wedstryde of byeenkomste kan bywoon nie, moet die afrigter of sportkantoor verkieslik per skrif deur die ouer/voog vroegtydig in kennis gestel word.
 - 7.1.2. Op die laaste sal so skrywe voor 10vm op die dag voor die wedstryd ingedien word sodat alternatiewe reëlings getref kan word.
- 7.2. Oefeninge
 - 7.2.1. Indien deelnemers nie oefeninge kan bywoon nie, moet die afrigter of sportkantoor verkieslik per skrif deur die ouer/voog vroegtydig in kennis gestel word.

- 7.2.2. Deelnemers wat sonder verskoning afwesig is van oefeninge of wedstryde, sal nie oorweeg word vir die daarop volgende wedstryd nie.

8. Sportdrag/ Sports wear

8.1. Wedstryde of Byeenkomste

8.1.1. Die korrekte voorgeskrewe sportdrag is verpligtend vir alle wedstryde soos vervat in die skool se Gedragskode.

8.1.2. Deelnemers moet in skoolsweetpakke opdaag vir wedstryde of in die voorgeskrewe drag soos goedgekeur deur die skool se Beheerliggaam.

8.2. Die eerste spanne moet opdaag in sportdrag of wedstryddrag soos vervat in die skool se Gedragskode, of sportdrag wat deur die skool se Beheerliggaam goedgekeur is.

8.3. Oefeninge

8.3.1. Voorgeskrewe oefendrag moet ten alle tye gedra word.

8.3.2. Alle sportdrag en/of privaat toerusting moet gemerk wees.

8.3.3. Geen juweliersware word tydens sportoefeninge of wedstryde gedra nie.

8.4. Die Eerstespanne;

8.4.1. Die wedstryd-drag (drag vir opdaag en speel) mag hulle onderskei van die ander spanne. Nieteenstaande, sal die ontwerp en gebruik van sulke drag eers deur die Beheerliggaam goedgekeur word voor gebruik.

8.4.2. Die eerstespanne oefen in die sportdrag soos hier bo voorgeskryf.

8.4.3. Alternatiewe oefendrag vir eerstespanne mag slegs met die goedkeuring van die skool se Beheerliggaam gebruik word.

8.5. Geborgde klere

8.5.1. Geborgde klere is nie skooldrag nie.

8.5.2. Enige ontwerpe wat val buite die genoemde riglyne sal eers deur die Beheerliggaam goedgekeur word voor gebruik.

9. Sportbeseerings en mediese fondse of skoolversekering

- 9.1. Alle leerders wat aan sport deelneem moet aan 'n mediese fondse behoort of skoolversekering by die skool uitneem.
- 9.2. Ouers/voogde moet bewus wees van die volgende:
 - 9.2.1. **Skoolversekering funksioneer nie soos 'n mediese fondse nie.**
 - 9.2.2. In die geval van 'n **mediese fondse** word die beseerde leerder deur die ambulans na die **voorgeskrewe** privaathospitaal geneem en **opgeneem** vir mediese-behandeling en die kostes is vir die bepaalde mediese fondse.
 - 9.2.3. In die geval van **skoolversekering**:
 - 9.2.3.1. Word die **ouer of voog eers gekontak** om vas te stel na watter hospitaal die beseerde leerder geneem moet word;
 - 9.2.3.2. In die geval van 'n privaathospitaal, is die **ouer of voog verantwoordelik vir alle mediese-onkoste (lees ook paragraaf 9.2.4 onder)**
 - 9.2.3.3. Die onkoste kan dan **terug-geeis word vanaf die skoolversekering**
 - 9.2.3.4. Onkoste is gedek tot 'n **maksimum van R50 000** met 'n **eenmalige bybetaling van R250**, ongeag die eisbedrag
 - 9.2.3.5. In die geval van **geen telefoniese kontak** word die leerder na die **naaste staatshospitaal** geneem
 - 9.2.4. Die belang van elke kind asook die deelname aan sport is vir die skool belangrik. Daarom het die **skool 'n ooreenkoms met die privaathospitale** in die stad, om 'n leerder wat wel oor skoolversekering beskik, onmiddelik op te neem (met die toestemming van die ouer/ voog).
 - 9.2.5. Die skool, in samewerking met die ouer/voog dien die eis in.
 - 9.2.6. **LET WEL:** die reëling in paragraaf 9.2.4 dien nie as vryskelding vir 'n ouer se verpligtinge soos in paragraaf 9.2.3 uitgewys is nie, en bly die ouer ten volle verantwoordelik vir die keuse van privaat hospitaliseering and daaropvolgende mediese-onkoste.
- 9.3. Indien 'n deelnemer 'n ernstige sportbeseering opgedoen het (*'n beseering waartydens die leerder intensiewe mediese behandeling op en/of vanaf die sportveld ontvang het. Byvoorbeeld harsingskudding, verstuitings ens.*):

- 9.3.1. Sal die leerder van oefeninge en wedstryde ontrek word.
- 9.3.2. Sal deelname aan oefeninge en wedstryde hervat word slegs waneer die ouer/s of voog/de SOWEL AS die mediese praktisein skriftelik toestemming verleen dat die leerder medies geskik is om verder deelteneem.
- 9.4. Geen kontak wedstryd (bv. rugby) sal plaasvind sonder die teenwoordigheid van 'n gekwalifiseerde paramedikus aan diens nie.

10. Borgskappe

- 10.1. Alle borgskappe aan all spanne/leerders, het sy privaat of besigheid, moet eerstens voorgelê en amptelik (skriftelik) goedgekeur word deur die Beheerliggaan, voor dit aanvaar word deur die skool/borg or geborgde.
- 10.2. Geen informele of mondelinge ooreenskoms sal, of kan aanvaar word vir enige vorm van borgspkap nie, en kan die skool nie aanspreeklik gehou word vir skade in sulke gevalle nie.
- 10.3. Die basiese riglyne rondom borgskappe aan die skool is dat:
 - 10.3.1. Dit ten alle tye die amptelike kleure van die skool, of die naaste skakerings daarvan, sal verteenwoordig (vloot blou, maroen en wit).
 - 10.3.2. Sovêr moontlik, die items die eiendom van die skool sal bly.
 - 10.3.3. Die borg die ooreengekome blootstelling sal ontvang soos goedgekeur deur die Beheerligaam.
 - 10.3.4. Die aanwending van finansiële borge saam met die borg bespreek sal word.
 - 10.3.5. Enige afwykings hiervan sal eers met die Beheerliggam bespreek en aanvaar word.
- 10.4. Vir verdere inligting, verwys na die Beleid op Finansies en Borgskappe

11. Ons Leuse

- 11.1. Ons speel om dit te geniet in die ware gees van goeie sportmanskap.

12. Sportmanskap

- 12.1. 'n Goeie Gerrie:
 - 12.1.1. Openbaar te alle tye waardige sportmanskap
 - 12.1.2. Tree op as 'n goeie ambassadeur vir sy skool

- 12.1.3. Tree te alle tye beleefd op teenoor spanlede, opponente, afrigters en skeidsregters
- 12.1.4. Hou by die reëls (vuilspel, swak gedrag vuil taal en oneerlikheid sal nie geduld word nie)
- 12.1.5. Speel na die beste van sy/haar vermoë.
- 12.1.6. Bevraagteken nooit 'n skeidsregter se beslissings nie, hetsy verbaal of deur negatiewe liggaamstaal nie
- 12.1.7. Laat draf die opponente eerste op die baan/veld met tuiswedstryde
- 12.1.8. Maak hom/haar nooit skuldig aan krutaal of snedige opmerkings nie
- 12.1.9. Bedank opponente en die beamppte na afloop van wedstryd
- 12.1.10. Wangedrag op en van die sportveld sal soos volg gehanteer word:
 - 12.1.10.1. Algemeen volgens die skool se Disiplinêrebeleid of Gedragskode
 - 12.1.10.2. Bo en behalwe die bogenoemde, kan ernstige OF aanhoudende wangedrag, na deeglike ondersoek en in oorleg met die afrigteter en spanbestuurder, lei to skorsing van 1/meer/alle wedstryde.
 - 12.1.10.3. In die geval waar 'n skorsing plaasgevind het sal ouers per brief in kennis gestel word, insluitend die redes.
 - 12.1.10.4. Die leerder het die reg tot verhoë in terme van die skool se Disiplinêrebeleid of Gedragskode

12.2. Ouerbetrokkenheid

- 12.2.1. Ouers se lojaliteit teenoor die afrigter en die skool word hoog op prys gestel.
- 12.2.2. Ouers wat graag betrokke wil raak met afrigting/hulp by spanne kan gerus die sportorganiseerder kontak
- 12.2.3. Moedig asseblief u kind/kinders aan om aan die buitemuurse aktiwiteite deel te neem.
- 12.2.4. Ons maak baie staat op u ondersteuning langs die baan/veld.

12.3. Optrede langs die baan of veld

- 12.3.1. Geen direkte inmenging, intimidasie of negatiewe opmerkings teenoor spelers of skeidsregters deur spelers, afrigters of ouers is aanvaarbaar nie.

- 12.3.2. Geen kinders, ouers, afrigters of skeidsregters word openlik voor kinders gekonfronteer nie.
- 12.3.3. Positiewe opmerkings en aanmoedigings is altyd welkom.
- 12.3.4. Ouers sal nie toegelaat word om halftyd met deelnemers te praat nie. Slegs Spanbestuurders en Afrigters mag met deelnemers praat.
- 12.3.5. Ouers wat nie help met oefeninge nie, word versoek om nie in te meng tydens oefeninge nie.
- 12.3.6. Geen drank sal tydens wedstryde en oefeninge langs die sportvelde toegelaat word nie.
- 12.3.7. Daar mag slegs in aangeduide rookareas gerook word.

12.4. Kapteinskap

- 12.4.1. Die kaptein tree op as segsman teenoor die skeidsregter met betrekking tot beslissings, beserings en reëls.
- 12.4.2. Rapporteer spanprobleme aan die afrigter.
- 12.4.3. Motiveer sy spanlede en sorg dat die sportbeleid toegepas word deur die span.

12.5. Afrigters (of verteenwoordiger)

- 12.5.1. Die Afrigter van elke span moet oor die nodige kwalifikasies OF die ervaring beskik
- 12.5.2. Moet op hoogte wees van die nuutste reëls.
- 12.5.3. Moet gereeld afrigtingsklinieke bywoon.
- 12.5.4. Moet voldoende tyd aan opwarming en die oefening spandeer.
- 12.5.5. Bepaal die wyse en hou toesig oor die verkiesing van die spankaptein.
- 12.5.6. Moet ten alle tye stiptelik, netjies en professioneel opdaag en optree
- 12.5.7. Moet geklee wees in die nodige Gert Maritz (GM) sportdrag vir afrigters:
 - 12.5.7.1. Oefeninge: GM hemp, blou/swart/khaki sportbroek of sweetpakbroek en bypassende skoene
 - 12.5.7.2. Wedstryde: GM hemp, khaki kort/lang-broek en bypassende skoene.

12.5.8. Moet alle spelers die geleentheid gee om wedstryde te speel.

12.5.9. Moet onpartydig wees en sy/haar tyd regverdig en konsekwent bestee aan leerders

12.5.10. Afrigters moet ten alle tye daarop let om 'n gesonde maar professionele verhouding met die leerders te hê. Die misbruik van die posisie sal onder geen omstandighede geduld word nie.

12.5.11. Hy/sy moet die volgende onder deelnemers bevorder:

12.5.11.1. selftrots en self/menswaardigheid

12.5.11.2. liefde vir die spel

12.5.11.3. genot van deelname

12.5.11.4. lojaliteit teenoor span en skool

12.5.11.5. getroue oefening

12.5.11.6. deursettingsvermoë

12.5.11.7. nuwe uitdagings

12.5.11.8. doelwitte stel

12.5.11.9. sportiewe optrede

12.5.11.10. respek vir opponente en ander

12.5.11.11. respek vir elke deelnemer se vaardighede

12.6. Spanbestuur (of verteenwoordiger)

12.6.1. Ontvang opponentspan voor tuiswedstryde en doen loting.

12.6.2. Maak seker dat spanlede korrek geklee is volgens skoolbeleid.

12.6.3. Maak seker dat eie spanlede stiptelik aanmeld.

12.6.4. Reël van verversings in geval van tuiswedstryde.

12.6.5. Help met kies van span en 'n kaptein.

12.6.6. Administreer toestemmingsbriefies.

12.6.7. Verantwoordelik vir vroegtydige, korrekte korrespondensie (spanlys, tye, vervoer, plek, kanselasies ens.)

12.6.8. Ten alle tye die deelnemers se korekte kontakbesonderhede (ouer/voog) en mediese inligting (alergieë ens en mediese fonds/skoolversekering inligting) byderhand hê.

13. Klagtes

13.1. Enige klagtes of algemene navrae in verband met sport soos vervat in hierdie beleid, of die toepassing of gebrek aan toepassing van die beleid kan ingedien word:

13.1.1. op skrif,

13.1.2. by die sportkantoor/ kantoo, en

13.1.3. dit sal binne 5 dae van ontvangs ondersoek en geantwoord word; op skrif.

13.2. Mondelinge en anonieme klagtes sal ooreenstemmend gehanteer word.

14. Sportorganiseerder

14.1. Die Sportorganiseerder in samewerking met die Spanbestuurders is verantwoordelik vir die toepassing end adminstrasie van die beleid

Goedgekeur en onderteken deur Mev CAJ van Tonder, Skoolhoof en Mnr. AG Opperm,an, Voorsitter van die Beheerliggaam op 6 November 2014

BYLAE: SKOOLVERSEKERING

Die inligting in hierdie bylae vervang nie die inligting vervat in die dokumente van MARSH Alexander Forbes nie.

Wat word gedek (kan wysig van jaar tot jaar, lees asseblief die versekerings dokumentasie)

- Beserings opgedoen as gevolg van 'n ongeluk:
 - o Op die skoolgronde en skool verwante woonplek (koshuis ens.)
 - o Buite skoolverband tydens 'n sportwedstryd of enige ander buitemuurse-aktiwiteit wat deur die skool aangebied en oor toesig gehou word.
 - o Wanneer vervoer word na bogenoemde en daar gereis word op 'n algemene aanvaarde roete
 - o In die sorg van 'n geregistreerde en goedgekeurde Nasorgdiens

'n Ongeluk of besering is uitgesluit:

- o wat uitsluitlik veroorsaak is deur 'n huidige fisiese gebrek of ander swakheid
- o wat deorbewus selftoegedien is of veroorsaak is deur selfmoordneigings
- o as dit opgedoen is deur opsetlike blootstelling aan gevaar

Wanneer 'n eis ingedien is, en daar die moontlikheid bestaan vir verdere mediese behandeling, moet 'n geskrewe verslag van die dokter aangevra word wat die aard en kostes van sulke mediese behandeling aandui.